WEEK 22 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

1. ALGEMEEN:

KONGRES – APOKALIPTIESE LITERATUUR EN MISTIEK: Op **Maandag 7 Augustus 2017** bied die Fakulteit Teologie en *Yale Divinity School*, gesamentlik 'n kongres by die UV aan oor apokaliptiese literatuur en mistiek – klik **hier** vir volledige program. Belangstellendes wat dit wil bywoon, moet asseblief vir Francois Tolmie kontak by **tolmief@ufs.ac.za**

NB! BEURSE EN LENINGS - NG KERK VRYSTAAT: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarliks beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die 2018 studiejaar, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. **Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2017.** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Danielle Theron by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **LET WEL**, hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. ***Voorwaardes geld.***

SKITTERVROUE SE NASIONALE VROUEKONFERENSIE VIR 2017: Hierdie Nasionale Vrouekonferensie wat op **8 en 9 September 2017** in die Kopanong-Sentrum (voorheen Kovsiekerk), te Bloemfontein, gaan plaasvind, beloof om 'n geestelike hoogtepunt vir elke vrou te wees. **Dr Jannie le Roux**, die gasspreker, se tema vir die geleentheid is, ***DIE WONDER-WERK VAN VREUGDE*!** Gedurende dié Konferensie gaan vroue wat tydens die Tsunami in Phuket met wittebrood was getuig, asook vroue wat reeds vir baie jare 'n stryd met kanker voer… **Vroue, moet asseblief nie hierdie besondere geleentheid spesiaal vir julle, misloop nie, bespreek vroegtydig deur hier te klik. Onthou ook:** Verblyf is beskikbaar teen R190/persoon by Oranje Meisieskool. Stuur asseblief vroegtydig 'n e-pos vir Beneli by **elizabethleroux@ymail.com**

2. GEBEURE BY GEMEENTES:

NG GARDENIAPARK:

Kontak NG Gardeniapark se Kerkkantoor Ma-Vr vanaf 08:00-13:00 by 051 522 0392, of stuur 'n e-pos aan **ngkgardenia@telkomsa.net**

NG HOSPITAALPARK:

NG VERKEERDEVLEI:

3. WERKSWINKEL / KURSUS:

WERKSWINKEL - *TRAUMATIC INCIDENT REDUCTION*: Kom leer uiters bruikbare tegnieke om jou te help in pastoraat, berading en lewensbegeleiding. Die kursus is deel van *Applied Metapsychology International* se materiaal.

Datum: 7 - 10 Augustus 2017
Plek: NG Kerk Wesselsbron-Noord te Wesselsbron
Punte wat verwerf kan word: VBO 20 : PCD = 28 : SACSSP = 16
Koste: R4500, sluit in middagetes, verversings en materiaal
Aanbieders: Yvonne Retief (**http://yvonneretief.weebly.com**) en ds Petri Coetzee

Getuienisse:
"Vir die eerste keer voel dit of ek regtig mense kan help as Predikant"
"Ek het geleer, trauma is die wortel van baie gedragsprobleme in ons lidmate en nou kan ek hulle help!"
"My hele pastorale aanslag het verander. Ek is so opgewonde om meer te kan doen as net 'n Bybelvers gee en bid."

Kontak ds Petri Coetzee by 084 207 3508, of **dspetri@outlook.com** vir verdere besonderhede en die inskrywingsvorm.

KURSUS OM AS SPIRITUELE BEGELEIER OPGELEI TE WORD: Die kursus word in sewe blokke van drie dae aangebied, oor 'n tydperk van 15 maande. Die klem lê op ervaring en inoefening en word by die Stellastraat-gemeente van die NG Kerk in Brooklyn, Pretoria aangebied en ook gedeeltelik by verskeie Retreat-sentra naby Pretoria. Dit val onder toesig van die NG Ring van Suidoos-Pretoria en is ook met *Excelsus* van die NG Kerk gekoppel. Predikante kan 150 VBO-punte verdien - daar is sewe aanbieders betrokke - volgende jaar se kursus sal die negende een wees. **Aansoeke sluit reeds op 30 September 2017 en die kursus begin op 18 Februarie 2018.** Volledige inligting kan **hier** gevind word, of kontak dr Willem Nicol by **wnicol@mweb.co.za,** of 083 966 7831.